DEEL 115 | WEEK 29 | 21 JULIE 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IT'S NOT IN THE HERALD IT IS ONLY A RUMOUR

# KEELVOL VIR LEË KRANE



Die huidige waterkrisis het inwoners baie ontstoke. Krane is in sekere dele van die dorp vir byna 'n week droog, en die hele gemeenskap word geraak. Skole in Phiritona en Sandersville was genoodsaak om hul deure te sluit weens die gebrek aan water. Rand Water wat verantwoordelik is vir die verskaffing van grootmaat water aan munisipaliteite soos Heilbron, het op 16 Julie 'n e-pos aan die raadslede gestuur om hulle te waarsku dat die pompstasie in Sasolburg se enjinkamer oorstroom het. Dit het lewering van water tot stilstand gedwing. In 'n reaksie op die krisis het Rand Water se tegnikus ingespring om die situasie te ontleed en te assesseer. Die inwoners van Heilbron is ingelig dat hulle moontlik drie dae lank sonder water sal wees terwyl die probleem aangespreek word. Wat die situasie meer kritiek maak, is dat die plaaslike hospitaal sonder water is. Om hierdie dringende nood te hanteer, het Francis Moeketsi, munisipale bestuurder, water aangery van Koppies af vir hospitale en ander instansies. Die gemeenskap het saamgestaan om te help waar hulle kon. Total Vulstasie het hulle boorgat beskikbaar gemaak om mense te help. Daar was lang toue van inwoners wat graag water wou hê. Boodskappe op sosiale media het beweer dat die waterkrisis is as gevolg van wanbetaling aan Rand Water. Mev. Maroo, die woordvoerder van Rand Water, het egter die aantygings aan Heilbron Herald ontken en sê dat wanbetaling nie die oorsaak is dat Heilbron nie water kry nie. Die werklike oorsaak van die krisis word gesoek binne die waterstelsel self en dit is nie ongewoon dat verouderde infrastruktuur, tegniese foute of onverwagte probleme die behoorlike werking van 'n watervoorsiening-stelsel kan ontwrig nie. Rand Water het egter op 27 Junie 2023 'n verklaring uitgereik waarin Munisipaliteite gewaarsku word dat stappe geneem sal word indien uitstaande rekeninge nie vereffen word nie. Ngwathe is deel van die sewe munisipaliteite wat agterstallig is.

Heilbron is dus nie die enigste dorp met opgedroogde krane nie, onder meer sit dele van Parys reeds 18 dae sonder water. Omliggende dorpe soos Petrus Steyn en Villiers het ook terselfdertyd waterprobleme. Om die situasie op te klaar en 'n oplossing te vind, het Rand Water Woensdag 'n vergadering met Ngwathe tegnici gehou om die waterprobleem deeglik te bespreek en ondersoek in te stel. Behalwe vir die probleem met watervoorsiening vanaf Rand Water, is daar langer as twee weke reeds massas water wat by die plotte se reservoir, wat water aan Vegkop voorsien, uitstroom. Volgens inwoners van Heilbron se plotte word daar geen pogings aangewend om die lek te herstel nie. Krane sou teen Donderdag weer lopende water hê, maar teen druktyd is was daar geen teken van 'n druppel water gewees nie.









# Ngwathe kort steeds senior amptenare

Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit sou gisteroggend (Donderdag) op 'n spesiale vergadering 'n nuwe waarnemende munisipale bestuurder aanstel nadat die vorige een se dienstydperk einde Junie verval het. Die nuwe aanstelling is op versoek van Ngwathe gekeur en gereël deur die provinsiale department in beheer van plaaslike regering. Hy sal slegs drie maande lank diens doen. Die tydelike aanstelling gun Ngwathe meer tyd om 'n bekwame nuwe munisipale bestuurder te vind. Die vorige munisipale bestuurder, Me N Baleni, het vroeg in Maart onverwags bedank, en wel met onmiddellike effek. Vraagtekens hang steeds oor die redes vir haar bedanking destyds.

Twee waarnemende direkteurs sou ook gister aangestel word, ewe-eens nadat Ngwathe die Provinsie gevra het vir geskikte kandidate. DA-raadslede vrees egter dat hierdie tydelike aanstellings nie die gesag het om drastiese stappe te neem nie. Opposisieraadslede van veral die DA en die VF+ dring gereeld aan op sogenaamde "drastiese stappe" om Ngwathe se huidige probleme te hanteer. Hieronder tel 'n enorme agterstallige skuldlas aan Eskom: dit bedra reeds byna R1.9 miljard, en neem maandeliks toe. Ook loop krane gedurig leeg in al vyf die dorpe waaruit Ngwathe bestaan. Dr Roy Jankielsohn, Vrystaatse DA-leier, het juis eergister (Woensdag) in 'n ope brief aan Mnr M Makume, die LUK vir plaaslike regering, gevra om dringend in te gryp. Inwoners is origens woedend oor verkeerde rekenings, ongereelde vullisverwydering, en verwaarlosing van strate, geboue en ander infrastruktuur.

Een ligpunt nou is beplande tegniese hernuwings aan die elektrisiteitstelsel. Hierdie nuwe tegnologie mag, volgens voorstanders, Ngwathe se maandelikse Eskom-rekening "met miljoene" snoei. Dit verg gevorderde nuwe tegnologie, waarvoor R6,5m onlangs begroot is. "Alles is gereed om die kontrak daarvoor te onderteken," sê DA-raadslid Saal de Jager, 'n sakeman van Parys. "En sodra dit in plek is, binne maande, waarborg die leweransiers dat Ngwathe se elektrisiteitskoste met miljoene sal daal." De Jager, en Parys se Ontwikkelingsforum, stry daarvoor dat die kontrak reeds aanstaande week finaliseer moet word. "En Burgemeester Victoria de Beer het ons pas beloof sy verwag dit gebeur wel aanstaande week." Baie word ook verwag van Ngwathe se nuwe Herstelplan, wat soek na ekstra inkomste (sonder om tariewe te verhoog) en die besparing van kostes (sonder om die gehalte van diens te knou). "Dis dalk Ngwathe se belangrikste inisiatief in die maande wat kom, "aldus DA-raadslid Robert Ferendale. "Maar dit moet gelei word deur ywerige en bekwame senior amptenare. Ngwathe moet sulke mense nou vinnig vind en aanstel."

# SMALLS

## KENNISGEWINGS

### LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of certified copy of **TITLE DEED T22088/2008** passed by **JOE COMBRINK FAMILIE TRUST REGISTRATION NUMBER: 2005/157568/23** in favour of **SHAKINA TRADING 5 CLOSE CORPORATION** in respect of **ERF 298 KOPPIES, DISTRICT KOPPIES, FREE STATE PROVINCE, NGWATHE MUNICIPALITY,** in extent **1 487 (One Thousand Four Hundred and Eighty Seven) square meters, and ERF 299, KOPPIES, district Koppies, Free State Province, Ngwathe Municipality, in extent 1 475 (One Thousand Four Hundred and Seventy Five) square meters** which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at Bethlehem this 18th day of July 2023.

**APPLICANT: BREYTENBACH MAVUSO**
**ADDRESS: 12 UNION STREET**
**BETHLEHEM, 9701**
**E-MAIL: vickey@breytlaw.co.za**
**TEL: 058 307 5300**







# UIT DIE PEN: *Week 29 van 2023*



Ek ken vier gesinne wie se huise afgebrand het. Darem nie almal onlangs nie, maar steeds. Ons nommer hulle sommer 1 tot 4.

Gesin 1 en 4 se huise het afgebrand terwyl hulle met vakansie was. Ek weet gesin 1 het pas by hulle vakansieplek aangekom toe hulle die nuus verneem. Daar was niks oor nie, en daarom het hulle besluit om klaar vakansie te hou en dan eers terug te keer na (watter?) huis. Gesin 4 het eers die skok by die see verwerk, en 'n paar dae later onwillig teruggekeer na swart mure toe.

Gesin 2 se huis het deurgeloop toe daar 'n veldbrand was. Die eienaar van die huis het almal wie iets wou skenk laat weet dat hulle net nuwe items aanvaar. Effens blasé, is dit nie?

Gesin 3 het 'n nuwe huis gekoop, 'n week daarna ingetrek. 'n Week daarna het haar man wakker geword: daar het rook deur die huis geborrel. Hulle het die twee kinders uit die huis gesleep, fone in hulle broeksakke gedruk, die sekuriteitsfirma het die kinders in 'n motor gelaai en by vriende gaan aflaai terwyl hulle 'n uur lank op die brandweer gewag het. Die huis het afgebrand. Ons het verlede week vir hulle aandete geneem terwyl hulle al hulle meubels, wat vir 8 maande gestoor was, weer kon uitpak. Die versekering het hulle huis oorgebou.

Hierdie week se les gaan nie oor huise wat afbrand nie, al klink dit so. Dit gaan oor herinneringe.

Toe ek klein was, het een of ander juffrou gevra wat jy dink jy moet gryp wanneer jou huis afbrand. Natuurlik sou ons klere of kos of speelgoed of een of ander ding wat kleintyd belangrik was, gryp. Nee, nee, nee, sê die juffrou. Mens gryp jou Bybel.

En daarmee was die saak afgehandel.

Ek het baie keer oor daardie antwoord gegee wanneer iemand my vra wat ek sou gryp met 'n brand. Die Bybel. Natuurlik die Bybel. Die toeskouer moet mos nou hòòr hoe ernstig ek oor my Godsdiens is.

Maar hoekom sou ek my Bybel moes gryp, het ek later, as amper-grootmens, gedink? Ek kan nog duisende ander Bybels gaan koop, met dieselfde boodskap in.

Ek vra gesin 3 wat hulle gegryp het. Die kinders en hulle selfone. Die kinders verstaan ek, maar die selfone? Ja, want al hulle fotos is op die selfone.

Dis reg. Fotos.

Ons druk mos nie meer al die fotos uit en raam dit in mooi portrette nie. Dis nie meer nodig nie. Dis op die selfoon of in een of ander wolkie. Dalk op 'n rekenaar of 'n hardeskyf.

In 2015 was my ouers 60 jaar getroud. Ja, met mekaar. My oudste boetie het, met die tweede boetie en my hulp, 'n boek saamgestel oor ons familie se herkoms en gesinsherinneringe. Stout goete wat ons almal aangejaag het, momente uit ons kleintyd wat ons kon onthou, my gryse ou pa se grappies, resepte, my ma se benoude oomblikke met 'n blou Peugeot. Stasieherinneringe. Dorpsherinneringe. Plaasherinneringe. Kleinkinders se herinneringe.

Net om dit in perspektief te plaas: ek is die jongste van vier kinders. Oudste is 14 jaar ouer as ek, volgende is 12 jaar ouer as ek (ek dink so) en rooikopsussie was 6 jaar ouer as ek.

Rooikopsussie is in 2004 hemel toe. Met die saamstel van die boek was sy nie daar nie. Ons moes diep na stories gaan delf wat ons dink met haar gebeur het, oor dinge wat sy gedoen het, wat sy gesê het.

Oudste vra watter foto hy van ons gesin in die boek moet sit? Hy stuur 'n paar fotos waarvan ons kan kies. En Rooikopsussie is nie daar nie. Want in daardie jare het ons nie so baie gesinsfotos geneem nie. Ja, hulle het van hulle gesinne geneem, maar van my ouers en die vier kinders was daar nie 'n foto nie.

Ek het hierdie week die voorreg gehad om met altwee boeties en hulle vrouens, sommige van hulle kinders en kleinkinders te kon kuier. Toe ons huiswaarts moet keer, vra een van hulle se kinders: Neem julle nie 'n foto nie?

Ek dink dadelik aan gesin 3 wat hulle Bybels gelos het en selfone met herinneringe op gekies het. Ek en die twee boeties staan vir 'n foto. Die volgende foto is saam met onse wederhelftes. Die gryse ou moeder was ongelukkig nie daar nie.

En ek is spyt dat ons nie meer fotos van die Rooikopsussie geneem het nie. Saam met die Rooikopsussie en haar gesin. Met my gryse ou vader en die moeder. Baie, honderde fotos.

Want dit is waar ons hart se herinneringe lê.

Ek ken 'n wyse oom (wat hierdie lees, ek wed jou dit!) wat verlede week 90 jaar oud geword het. Ek hoop die familie het hierdie geleentheid gevier met klomp fotos. Sodat, wanneer die onthoue verdwyn, ons na die fotos kan kyk en vir mekaar kan sê: "Hier staan my hartsmens!"

Ek lees die ander dag dat die Meksikane glo dat elke mens drie dode sterf: Die eerste wanneer jy jou oë vir die laaste keer toemaak. Die tweede wanneer jy begrawe word of 'n totsiensdiens het. Die derde is die dag wanneer niemand jou meer onthou nie en wanneer jou naam nie meer gesê word nie.

Niemand sal jou kwalik neem as jy nie jou Bybel gryp nie. Maar jy gaan spyt wees oor die oomblikke wat nie met jou kamera vasgevang word nie.

Hierdie week se les is kort en kragtig: Neem daardie fotos. Nie net in jou kop nie. Neem dit en bêre dit op 'n plek waar jy weer en weer daarna kan kyk.


BoereTreat 2023
@Heilbron Boeretreat
Boeretreat
GASKUNSTENAARS
29 JULIE 2023
Lianie May | Jay | Early B | Jan Rhaap
GHOLF KOMPETISIE
VRYDAG 28 JULIE 2023
HEILBRON GHOLFKLUB
INSKRYWINGS OM 09:00
SHOTGUN AFSLAAN OM 10:00
IPS FORMAAT
R500 PER SPELER
NAVRAE & REGISTRASIE
GHOLF KOMPETISIE
HOOF GHOLFDAG SATERDAG 29 JULIE 2023
HEILBRON GHOLFKLUB
INSKRYWINGS OM 09:00
SHOTGUN AFSLAAN OM 10:00
NAVRAE & REGISTRASIE
MTB CHALLENGE
29 JULIE 2023
08:00
13 KM: R200
40 KM: R400
70 KM: R500
NAVRAE & REGISTRASIE
MEDALJES AAN ALLE KLAARTRAPPERS
GOODIEBAGS
GOED TOEGERUSTE WATERPUNTE
www.boeretreat.co.za
Boeremark
SPEELGOED
LAZER CUT ITEMS
SAND ART
KUNSWERKE
IRON HORZE
Juwele & Kussings
HANDGEMAAKTE LEERPRODUKTE
BESKUIT & KOEKIES
KUNSWERKE
TAFELDOEKE, TAFELNETTE, VOORSKOTE
Ingelegde Vrugte
LEKKERGOED
VROUE KLERE EN SKOENE
GESKENKE & ELEKTRIESE ITEMS
PARKA BAADJIES
OORBELLE
29 JULIE 2023 | 10:00
Rolbal
PRYSGELD: R7000
R1000 ENIGE VIERE
PRYS SLUIT IN:
29 JULIE 2023
09:00
HEILBRON ROLBALKLUB
Aangebied deur
ROLBALKLUB
TOUTREK KOMPETISIE
WENSPAN KRY R10 000
& R10 000
13:00 TOT 15:00
FOOD Fear factor
INSKRYWINGS IS GRATIS
20 DEELNEMERS
10 X ONDER 12 JAAR | 10 X OOR 12 JAAR
29 JULIE
12:30 - 13:00
HEILBRON GHOLFKLUB
Aangebied deur
ROFSTOEI
29 JULIE 2023
15:00
HEILBRON GHOLFKLUB
TEN BATE VAN LIEFDADIGHEID
AANGEBIED DEUR
HWA
Mini-Hokkie
3 SKOLE
12 WEDSTRYDE
29 JULIE 2023
10:00 - 13:00
HEILBRON GHOLFKLUB
TEN BATE VAN LIEFDADIGHEID
Aangebied deur
KINDERVERMAAK
MECHANICAL BULL
SANDART
ROPE CLIMBER
THE ROCKET
JUMPING CASTLES
CLIMBING WALL
29 JULIE 2023
10:00 - 17:00
MC VIR DIE DAG
ALWYN OBERHOLSTER
29 JULIE 2023
HEILBRON GHOLFKLUB
VOLWASSENES: R150 | HOËRSKOOLKINDERS & PENSIOENARISSE VANAF 65: R100 | VOORSKOOL & LAERSKOOLKINDERS: GRATIS
REGISTREER VOORAF VIR JOU AKTIWITEITE
heilbron@boeretreat.co.za
Heilbron Gholfklub
/heilbronboeretreat
www.boeretreat.co.za

# Heilbron Water & Ligte eis ook sy tol

Die afgelope week was daar 'n kat in die duiwehok toe nie net Heilbron nie, maar ook bykans al die dorpe en stede noord van Heilbron tot in Johannesburg deurgeloop het onder krag- en wateronderbrekings. Eerste was Eskom die "sondaar" en toe kry Rand Waterraad ook die koors en met ter perse gaan sukkel Heilbron steeds sonder gesuiwerde water.

Inwoners van veral Phiritona was erg bekommerd dat water 'n groot probleem gaan word, want volgens die munisipale bestuurder, mnr Francis Moeketsi, het Rand Waterraad dit vasgestel op drie dae. Daar word nou selfs bespiegel dat die water eers die naweek sal aangesluit word.

Inwoners van Phiritona kry nou hoofsaaklik water van twee boorgate met 8 punte en daar staan baie behoeftiges in rye om gehelp te word.

Interessant, die twee boorgate is in 2002 deur Reinhardt Grobler geskenk as 'n poging om groentetuine te vestig in Phiritona. Aanvanklik het hy drie gate laat boor – twee in Phiritona en een in Sandersville. Sandersville se boorgat is egter gevandaliseer.


Adolf Grobler en sy seun Reinhardt, wat Addo Betimmering (meubelfabriek) besit, pomp daagliks vanaf 7 vm tot 8 nm vir Phiritona se inwoners water.

Reinhardt het in Engeland as ingenieur in die jare 2000 gewerk en gesien daar is 'n "allotment"-program in werking. Hy wou met sy terugkeer na SA dit tot stand bring en het sy eie fondse gebruik om die water vir tuine te vestig. Twee waterpunte is by hul fabriek by Phiritona se ingang en die ander 6 punte is by die tuine aan die agterkant van die munisipale kliniek aldaar.

Mnr Moeketsi het ons meegedeel dat drie watertenkers gesuiwerde water vanaf Koppies aanry om te sorg dat die hospitaal en hofgeboue genoegsame water het.



*Inwoners van Phiritona ontvang water by Addo Meubelfabriek by twee punte. Daar staan lang rye inwoners asook motors en bakkies wat water oplaai. Water word vanaf 7 vm tot 8 nm gepomp. Aan die agterkant van die kliniek is daar ses waterpunte waar water ook beskikbaar is. Inwoners kom na die waterpompe met kruiwaens vol bottels om aan hul daaglikse behoetes te voldoen – in een stadium het inwoners selfs water by die Uniefeesdam water geskep.*



HEILBRON SE WATERGESKIEDENIS

IN BEELD

SOOS wat Heilbron gegroei het, kon die fontein, wat aanvanklik verantwoordelik was vir die ontstaan van Heilbron, nie meer in al die behoeftes voorsien nie en was daar jaar na jaar waterbeperkings ingestel. Selfs nadat die wal van die Uniefeesdam verhoog is, het Heilbronners nog steeds met dié probleme te kampe gehad. In April 1968 het die Sekretaris van Waterwese egter 'n witskrif by die Parlement ingedien waarvolgens 'n waterpypleiding van Vaaldam na Heilbron aangelê sal word. Hierdie projek is sedertdien voltooi en Heilbron het weer genoeg water om te voorsien in al sy behoeftes. Op onderstaande skets kan gesien word waarlangs die pypleiding loop vanaf Deneysville na Heilbron.



[illegible]

*Uittreksel uit die Heilbron Herald van 12 Oktober 1973.*



*Munisipale werkers probeer om 'n ou munisipale boorgat te red om nog waterpunte beskikbaar te stel vir inwoners. Die boorgat staan deels op 'n sypaadjie. Met ter perse gaan was dit nog onduidelik of dit in gebruik geneem is!*



*Heilbron se besoedelde fonteinwater loop vrylik in Slagspruit af na die rioolplaas buite die dorp. Interessant is dat Heilbron se fontein wat sowat 60 000 liter water per dag kan lewer en met die totstandkoming van die dorp die enigste waterbron was, nou gevandaliseer is. Tot in die jaar 1973 was Heilbron afhanklik vanaf die fontein en Uniefeesdam se water wat om die helfte gesuiwer was by die suiweringswerke. Die suiweringswerke is total gevandaliseer, net soos die hele Uniefeesdam omgewing. Die fontein lê aan die onderkant van die damwal! Die waterpyplyn wat vanaf Deneysville aangelê is, is ook nie meer in gebruik nie – Helbron se water is nou afkomstig vanaf Sasolburg deur die Rand Waterraad. Mnr Abel van Jaarsveld van Heilbron het paar jaar gelede die fonteinwater gebotteleer en verkoop as spesiale suiwer fonteinwater! Die fabriek is egter gesluit!*

## NGWATHE MUNICIPALITY

Ngwathe MUNICIPALITY

The home of harmonious prosperity and growth

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given, in terms of Section 78(1) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the **4th Supplementary Valuation Roll** for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period **1 JULY 2023** to **31 JULY 2023**, Mondays to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas:

| | PARYS | HEILBRON | VREDEFORT | KOPPIES | EDENVILLE |
|---|---|---|---|---|---|
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWN | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office | Customer Care Office |
| MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP | | Customer Care Office: Phiritona | Customer Care Office: Mokwallo | Customer Care Office: Kwakwatsi | |
| LIBRARY IN TOWN | Help desk: Parys Library | Help desk: Heilbron Library | Help desk: Vredefort Library | Help desk: Koppies Library | |
| LIBRARY IN THE TOWNSHIP | Help desk : Thutong and Schonkenville Library | Help desk : Phiritona and Sandersville Library | Help desk : Vredeshoop Library | Help desk : Kwakwatsi Library | |

In terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices. The completed form/s must be returned to:

*Chief Financial Officer*

*Ngwathe Local Municipality*

*Valuation Roll*

*P.O. Box 359*

*PARYS*

9585

*Alternatively* the form/s can be handed in at any Customer Care Offices

For enquiries please contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700 or email: *valuations@ngwathe.co.za*

**K. LEPESA**

**CHIEF FINANCIAL OFFICER**


4 Course Free State inspired harvest table set menu
29 July, 26 August, 30 September, 28 October, 25 November
Serving starts from 11:30 | Limited seats available | R350 p/p
Please enquire for menu and availability
Email: tastingroom@devrydistillery.co.za or WhatsApp 0726063960
PASCH DU PLOOY

# INSPIRASIE RESEPTE

This is one of my favourite soups to prepare for these cold winter evenings. It's hearty, healthy and delicious at the same time. Zucchini or baby marrow is the secret, and of course, enough cream. Zucchini adds a nice colour and a velvety mouth feel to the final soup.


**CREAMY WINTER VEGETABLE AND BACON SOUP**
Preparation time: 30 minutes
Cooking time: 25 minutes
Serving – 8 – 12 people

**Ingredients for the vegetable soup**
1 head cauliflower, leaves and all chopped
¼ white cabbage, chopped
2 white onions, chopped
4 cloves garlic, chopped
500g baby marrows, appropriately washed and chopped
2 stalks of celery, leaves and all, washed and chopped
200g streaky bacon, cut into small blocks
A good Pinch nutmeg
A good Pinch white pepper
A good pinch chilli flakes
1 l good vegetable or chicken stock
250ml fresh cream
4 tbs olive oil
2 tbs butter
Salt to taste

**Method for the vegetable soup**
Heat a medium to large heavy-based pot over medium heat. Add the olive oil and the bacon. Fry the bacon over medium heat until brown and crispy. Remove the bacon from the pot with a slotted spoon and set aside for later use. Add the onions, garlic and cauliflower with the butter to the bacon fat. Fry the onions and cauliflower until brown, about 5 minutes. Now add the rest of the vegetables, the stock and the spices. Bring the soup to a boil and then reduce the heat to a simmer. Close the pot with a lid and cook for 15 - 20 minutes. The vegetables must be very soft. Use a stick blender to puree the soup until smooth. Add the cream, bring it back to a boil, and adjust the seasoning with salt.

**How to serve**
Serve in a large bowl, sprinkled with bacon bits, a dash of cream and fresh bread on the side.

**Chefs note:**
Add cooked pasta shells just before serving to make it more filling.



Pasch du Plooy



## Lehlohonolo deelgeneem aan Rhinoweek

Lehlohonolo "Piet" Mothebe, leerling van Hoërskool Heilbron, het vanaf 12 tot 15 Julie aan die Rhinoweek by VUT Isak Steyl Stadion deelgeneem. Die doel van Rhinoweek is om rugbyspelers se fisieke vermoëns te verbeter, die spelers te help om 'n sin vir sportmangees aan te leer asook om elke speler se vaardighede te ontwikkel. Piet was ook deel van die Sasol Raptors, wat 'n groot prestasie is.

## Hoe rooier hoe mooier



*Heilbronners was Vrydag aangenaam verras toe agt bloedrooi Ferrari motors in die parkeerarea van OK Grocer geparkeer was. Die area was vol sportmotorliefhebbers wat foto's van die spogkarre kom neem het.*

LINDA LIEBENBERG PROPERTIES
T-HOD • Real Estate Qualification • NQF Fetc Level 5
Soek dringend eiendom om te verkoop.
Kopers reeds in plek.
Kontak Linda 082 577 5385

In Memoriam
Acts Ambassadors
† 22 Julie 2008

Lizé-Mari Els - * 16/12/1984
John Norman - * 3/9/1975
Elaine Versfeldt - * 13/6/1988
Amelia Vercuiel - * 12/9/1989
Izette Fourie - * 7/10/1985

God is ons Meester, Vader en herder. Wanneer ons kinders uit ons lewens stap, los hulle voetspore van goud wat vir altyd in ons harte sal skitter.

*Dit wat ons doen, doen ons "excellent" want ons dien 'n God van "excellence"*

Gawes van die Heilige Gees
SAAM JOE VAN DEN BERG
12 Augustus 2023
GRATIS INGANG & ETE
NG-SUID KERKSAAL, HEILBRON
OM 13:45
almal is welkom!
Pitstop vir Jesus
BESPREEK TEEN 9 AUGUSTUS
TANYA: 083 975 8264
ALET: 060 518 1775


DEBONAIRS PIZZA STEERS
Vacancies Available
Motorcycle Drivers
Heilbron Steers/Debonairs
Experience/skills required:
• Deliver stock from STEERS/DEBONAIRS to customers
• Perform daily delivery vehicle inspections
• Load and unload vehicles with customer
• Ensuring that all items are properly packaged, sealed and secured
• Follow route and time schedule
• Maintain a clean and serviceable delivery vehicle
• Share in the responsibility of general cleanliness of business
• Interact with customers in a manner that encourages repeat business
• Proven working experience as a driver (At least 2 years)
• Excellent organisational and time management skills
• Good driving record
• Ability to communicate both orally and in writing
• Drivers License (Required) CODE A or A1
The Driver is primarily responsible for distributing our products to customers.
The driver must represent the company in a professional manner.
Uniform & motorcycle will be provided
Application Closing Date: 31 July 2023
Starting Date: Training will start Sept 2023
Email – heilbronsteers@outlook.com

DEBONAIRS PIZZA STEERS
Vacancy Available
Manager
Heilbron Steers/Debonairs
Experience/skills required:
• Management/Leadership skills
• Admin skills + (MsOffice)
• Point of Sales experience
• Stock Management, Control and ordering
• Teamwork
• Roster planning
• FOH & BOH
• Training of staff
• Strong SHERQ focus
• General restaurant/hospitality experience
Own transport/valid drivers license a MUST
Competitive or better salary – Market related
Salary according experience/skills/knowledge etc.
Application Closing Date: 31 July 2023
Starting Date: Training will start Sept 2023
Email – heilbronsteers@outlook.com
Or deliver CV at site

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron
060 808 8009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

HERALD Gemeenskapsnuus

# Geliefde inwoners word te ruste gelê



*Johannes Andries Swart, beter bekend as Blackie Swart is oorlede op 11 Julie 2023, op die ouderdom van 59. Sy begrafnis het Maandag 17 Julie plaasgevind, vanuit die NG Moedergemeente. Blackie laat na sy eggenoot, kinders, familie en vriende.*



*Ansie Elizabeth Pieters is oorlede Saterdag 15 Julie 2023 op die ouderdom van 84 jaar. Haar familie sal haar onthou vir haar aansteeklike laggie en sin vir humor, en dat sy enige situasie in 'n geleentheid vir 'n kosbare lewensles onskep het. Sy was 'n voorbeeld van onvoorwaarlike liefde, aanvaarding en het elke persoon met liefde, respek en deurnis hanteer. Ansie se begrafnis het op 20 Julie plaasgevind vanuit die AP Kerk, Heilbron. Sy laat na haar kinders, kleinkinders en agterkleinkinders.*



*Stephanus Phillippus Labuschagne, beter bekend as Lappies Labuschagne is oorlede op 4 Julie 2023, op die ouderdom van 81. Sy begrafnis het Saterdag 15 Julie plaasgevind, vanuit die NG Moedergemeente. Lappies laat na sy eggenoot, kinders en kleinkinders.*



*Elizabeth Johanna (Bessie) van Zyl, 'n ou bekende van Heilbron wat diep spore in die gemeenskap getrap het as Matrone van Tokollo Hospitaal, en eggenoot van Jan van Zyl, is op 11 Julie oorlede op die ouderdom van 83. Haar begrafnis het plaasgevind op 15 Julie te Vegkopterrein. Bessie laat na haar man Jan van Zyl, kinders en kleinkinders. Die heengaan van Bessie los 'n groot leemte in die Heilbron gemeenskap.*

# Skenk bloed. Jou bloed red lewens

SANB ervaar tans 'n kritieke bloedtekort en doen 'n dringende beroep op bloedskenkers om bloed te skenk.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) nooi die gemeenskap van Heilbron uit om bloed te skenk, Dinsdag, 25 Julie 2023 by die NG Suid Kerksaal, Heilbron vanaf 13:00 – 19:00.

SANBS het tans 'n kritieke tekort aan bloed. Die aantal skenkers in Heilbron het in die afgelope paar jaar baie verminder. SANBS bied elke twee maande 'n bloedskenk kliniek in Heilbron aan. Daar is slegs 156 skenkers op die skenker paneel in Heilbron. SANBS ervaar dat die skenkers nie meer so gereeld bloed skenk nie, wat 'n groot impak op bloed insamelings het. SANBS doen 'n beroep op die gemeenskap van Heilbron om bloedskenkers te word. Die skenker paneel in Heilbron groei baie stadig.

SANBS nooi alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk, asook op nuwe skenkers wat aan die minimum vereistes voldoen om 'n bloedskenker te word.

**Om 'n bloedskenker te word moet jy:**

- Tussen die ouderdom van 16-75 wees
- Meer as 50kg weeg
- Iets voor jou skenking eet
- 'n Veilige leefstyl lei
- Gesond wees op die dag van skenking

Tydens die Winter is daar 'n groot afname in bloedskenkings en dit het 'n ernstige impak op pasiënte.

Bloedvoorrade is gewoonlik laag gedurende hierdie tydperk omdat gereelde klinieke by skole en tersiêre instellings nie kan plaasvind nie.

Alle bloedgroepe is baie belangrik vir ons, maar ons het spesifiek Groep O nodig omdat hierdie bloedgroep verenigbaar is met al die ander bloedgroepe en is dus baie spesiaal vir ons en diegene wat 'n dringende behoefte aan bloed het.

Een skenking kan tot 3 pasiënte se lewens red. Een eenheid bloed kan in 3 komponente verdeel word naamlik rooibloedselle, plasma en plaatjies wat aan pasiënte gegee word, afhangend van hul behoefte.

Om in die daaglikse behoefte te voorsien moet die SANBS ongeveer 3500 eenhede bloed per dag insamel.

4% van bloed word gebruik vir noodgevalle en traumapasiënte. 27% van bloed word gebruik vir mediese gevalle, bv. kankerbehandeling, 26% vir kindergeboortes en ginekologiese gevalle en 21% vir sjirurgiese gevalle, m.a.w. operasies.

Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

*Bronwyn Petersen*
*Donor Relations Practitioner*
*Tel: 056 212 2862*
*Cell: 082 419 1471*
*Toll free: 0800 11 90*




# Steers & Debonairs open binnekort



*Op foto van links na regs: Jarryd Ovens (elektrisiën), Johan Nelson (bouer), Johan Botha (eienaar) Cornelia Botha, Lihan Botha, Freda Mare en Brogan Nel (Area bestuurders)*

*Heilbronners kan uitsien na Steers se opening in die nabye toekoms. Johan Botha, eienaar van verskeie Mug en Bean eetplekke, het aangekondig dat hulle beplan om teen Oktober hul deure vir honger kliente te open. Die gebou wat tans langs OJ's Meat gebou word, sal bestaan uit 'n Steers, Debonairs, asook 'n klein koffiewinkel en daar sal ook plek wees vir twee klein winkels. Hierdie nuwe toevoeging aan Heilbron se besigheidsomgewing het al baie inwoners op die punt van hul stoele laat sit van opwinding. Die geleentheid om twee kleiner winkels in die kompleks te huisves, bied opwindende moontlikhede vir plaaslike ondernemers om hul produkte en dienste aan die gemeenskap bekend te stel. Dit kan 'n verskeidenheid van besighede wees, van geskenkwinkels tot klereboetieks of selfs 'n juwelierswinkel. Johan Botha sê dat hulle met groot verwagting uitsien na die oomblik wanneer hulle die deure van hierdie nuwe kompleks kan oopmaak en Heilbronners kan bedien met smaaklike kos, vriendelike diens en 'n gesellige atmosfeer. Hy is oortuig dat hierdie toevoeging positief sal bydra tot die sakebedryf in die gemeenskap en die plaaslike ekonomie sal versterk.*

# Speel Noot vir Noot



***HUPPEL TRIPPEL SPEEL NOOT VIR NOOT:** Meer as 30 HT-lede het mekaar die stryd aangesê in 'n Noot vir Noot-speletjie met MENSE as tema. Span B het as wenner uit die stryd getree; en is met 'n sjokolade beloon vir hul moeite. Span A het elkeen 'n suigstokkie gekry vir goeie sportmangees. Maar dit was nie die einde van die lekkerte nie. Al die liedjies wat deel was van die kompetisie is uit volle bors saamgesing ná die tyd. Die oggend is afgesluit met die gebruiklike tee en koekies. Op 1 Augustus gaan Rita Groenewald wat in Suid-Amerika gekuier het, die gas wees. Sy gaan foto's wys en vertel van haar ervarings. Kom kuier gerus saam!*

EST. 2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
AARTAPPEL & PREI SOP!
Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99


# KENNISGEWINGS

PH497
## NOTICE OF SALE
In the High Court of South Africa
(Gauteng Division, Johannesburg)
**Case No 2022/24351**
In the matter between:-
**GLOBAL ROOFING SOLUTIONS (PTY) LIMITED trading as GLOBAL ROOFING SOLUTIONS**
Registration Number 2021/511200/07
*Execution Creditor*
and
**MD FURNITURE AND SKY CELLULAR SHOP (PTY) LIMITED**
Registration Number 2018/585428/07
*First Execution Debtor*
**ALI, RASHID**
Identity Number PQ17 96 83 3
(born 1 January 1990)
*Second Execution Debtor*

**IN PURSUANCE** of a Judgment granted on the 19th day of AUGUST 2022 in the **HIGH COURT OF SOUTH AFRICA, GAUTENG DIVISION, JOHANNESBURG,** and Warrant of Execution issued thereafter, a sale in execution of the undermentioned goods will be held at **22 DE WET STREET, REITZ, FREE STATE PROVINCE,** on the **4TH DAY OF AUGUST 2023, AT 12H00,** consisting of:-

1. Approximately 30 Boxes of Tiles;
2. Approximately 200 Various drill bits;
3. Approximately 20 Various locks;
4. Various tools (pliers, spanners, screwdrivers, etc);
5. Incco chainsaw;
6. Incco cordless drills, planers and sanders;
7. Various screws, nails, bolts, etc;
8. Approximately 15 various wooden doors;
9. Approximately 80 IBR zinc;
10. Approximately 60 corrugated zinc;
11. Garage roller door;
12. 2 x baths;
13. Approximately 6 steel door frames;
14. Approximately 30 20l paint;
15. Approximately 5l waterproofing;
16. Approximately 5l paints;
17. Approximately 15 various faucets;
18. Approximately 30 various lights;
19. Various other trading stock recoverable up to and including claim amount.

To the highest bidder IN CASH

**TAKE FURTHER NOTE THAT:**
1. This sale is in a sale in execution pursuant to a judgement obtained in the above court.
2. The Rules of this auction is available 24 hours prior to the auction at the office of the Sheriff for REITZ, at 22 DE WET STREET, REITZ, FREE STATE PROVINCE.
3. Registration as a buyer is a pre-requisite subject to specific conditions, inter alia :
   (a) Directive of the Consumer Protection Act 68 of 2008. (URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961);
   (b) FICA – legislation i.r.o. proof of identity and address particulars;
   (c) Payment of a Registration deposit of R500,00 in cash;
   (d) Registration conditions.
4. The office of the Sheriff for Reitz will conduct the sale with with auctioneers WF Minnie.
5. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to court rules, apply.

DATED at EDENVALE on this the 12TH day of JUNE 2023
**(SGD) R C CHRISTIE**
**R C CHRISTIE INCORPORATED**
**ATTORNEY FOR THE EXECUTION CREDITOR**
**69 – 71 FOURTEENTH AVENUE EDENVALE**
**P O BOX 1829**
**BEDFORDVIEW**
**2008**
**TEL: 011 452 7701**
**FAX: 011 452 7709**
**E-MAIL: carolyn@rcchristie.co.za; & litigation@rcchristie.co.za**
**REF: R CHRISTIE/cd/G744**

## KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING
In die boedel van wyle **JOHAN HENDRIK ERNST STADLER, Identiteitsnommer 310805 5016 081,** wie wie getroud was buite gemeenskap van goed, wat woonagtig was te **Huis Sorgvry, distrik Reitz, Provinsie Vrystaat,** wie oorlede is op 7 Junie 2021, **boedelnommer 009685/2021.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON,**
**9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION
In the Constitutional Court of South Africa
held at Johannesburg
**Constitutional Case**
**No.: CCT 179/2022**
**Constitutional Court Case No.: 179/22**
**In the matter between:**
**BAREND JACOBUS VAN DEN BERG**
*1st Applicant / 1st Applicant*
**LORRAINE MARLENE VAN DEN BERG**
*2nd Applicant*
**BAREND JACOBUS VAN DEN BERG N.O.**
*3rd applicant / 3rd Applicant*
**LORRAINE MARLENE VAN DEN BERG N.O.**
*4th Applicant*

**HENDRIK STEPHANUS LODEWICUS DU PLESSIS N.O.**
*5th Applicant*
**(in their capacity as trustees of the Hermanusdam Trust)**
and
**LAND AND AGRICULTURAL DEVELOPMENT BANK OF SOUTH AFRICA**
*1st Respondent*

**SUIDWES LANDBOU (PTY) LTD**
2nd Respondent
**REGISTRAR OF DEEDS, BLOEMFONTEIN**
3rd Respondent

In pursuance of an Order of the Constitutional Court of South Africa, Johannesburg and a writ for execution dated 13 April 2023, the following items of the Defendant will be sold in execution by public auction on 22 August 2023 at 15h00 at the Magistrate's Court, Cnr Linksfield Rd & 1st Ave, Edenville, to the highest bidder, namely:

- **1 x Agritec 172 sleepstoper enkelry**
- **1 x Karet waentjie, Reg no. OMG 2094**
- **1 x Agritec 172 sleepstroper**
- **1 x Lammer skaal elektronies**
- **1 x Hoffmann 182cc vuurvegter**
- **1 x Yster sorteer tafel**
- **2 x Voerbakke**
- **1 x Kelvinator 2 yskas**
- **1 x Defy vrieskas**
- **Ysterhout eetkamerstel met 12 stoele tesame met Buffet**
- **4 x Kroegstoele**
- **2 x Lessenaars & 2 x Stoele**
- **1 x Antieke wastafel / houtkas**
- **1 x 3 sitplek riempies stoel**
- **1 x Antieke kieriekas**
- **1 x Houtkas glasdeur / laai**
- **1 x Patio eetkamerstel & 8 stoele**
- **1 x Dubbelbed**
- **2 x Antieke enkelbeddens met spieëlkas**
- **1 x 5"LG flatscreen TV**
- **1 x Hout enkelbed**
- **1 x Tedelex Boks TV**
- **1 X Sony surround sound sisteem**
- **1 x Hout enkelbed**
- **1 x Defy 4 plaat stoof**
- **1 x Meat Pride 78 vleissaag**

1. The sale is in execution pursuant to a judgment obtained in the above Honourable Court.
2. The rules of the auction is available 24 hours before the auction and can be inspected at the office of the Sheriff Reitz, 22 De Wet Street,
3. The Auction will be conducted by the duly appointed Deputy Sheriff for Reitz in terms of Section 6(1) of the Sheriffs Act 90 of 1986 as amended.
4. Registration as a buyer is pre-requisite subject to specific conditions inter alia:
   a) In accordance to the Consumer Protection Act 68 of 2008 (http://www.info.gov.za/view/downloadfileAction?id=9961)
   b) FICA – Legislation: requirement proof of ID, residential address
   c) Payment of registration of R1000.00.
   d) Registration conditions.
   e) All goods will be sold "VOETSTOOTS".
5. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to court rules apply.

Dated at Bloemfontein on this 22ND day of JUNE 2023.
**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**REITZ**
**c/o SYMINGTON & DE KOK**
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**169b NELSON MANDELA DRIVE**
**BLOEMFONTEIN**
**REF: FKL0083**

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*

**HOU HEILBRON SKOON**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES
In the Estate of the Late:
Surname: **FINDLAY**
First names: **JOHN WALLACE HENRY**
**ESTATE NUMBER: 8315/2022**
Identity/passport number: **560801 5092 088**
Date of death: **16/04/2022**
Last address: **127B Flower Street, Capital Park, Pretoria**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof..
**In case of a marriage in community of property:**
First names and surname of surviving spouse:
**MARIA MARGARETT FINDLAY**
Identity/passport number: **610212 0031 081**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: B0107/0531**
**Date submitted: 2023/07/11**
**Publication Date: 2023/07/21**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# TE KOOP

**TE KOOP GEVRA**
Bakkies en motorkarre onder R100 000. Lopend of nie, asook 4 wiel motorfietse en waentjies.
**Skakel**
**071 331 0146**
**Heilbron**

**TE KOOP**
**Voer te koop.**
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
*K0597*

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en weerwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

# Heilbron / Petrus Steyn interdorp rolbal









*Foto vlnr: Martin Hughes, Babs Knoesen, Mike Botha (wenners).*
*Op foto bo die oudste en die jongste: Amelia Galatis en SJ Jacobs.*

Weens ekonomiese omstandighede gebeur dit dat sportfasiliteite, veral in die platteland, soms genoodsaak word om hul deure sluit met die gevolg dat infrastruktuur gevandaliseer word, en sodoende tot niet gaan.

John Mentz, bekende inwoner van Petrus Steyn, het besluit dat die rolbalklub weer tot sy eertydse glorie herstel moet word. Hierdie inisiatief was die vonk wat nodig was om die opbou van die klub te bewerkstellig.

Baie gou was daar positiewe belangstelling en ondersteuning vanuit die gemeenskap en na ongeveer twee jaar se harde werk is die klub weer goed aan die gang.

Dit is verblydend om te kan sê dat die versiendheid van een persoon met die ondersteuning van die gemeenskap 'n wonderlike sportsoort red van ondergang.

Onder leiding van Bokkie Bosman, sy bestuurspan en positiewe lede is die klub op pad na sy eertydse glorie met 'n stewige ledetal. In die verlede was Petrus Steyn ook bekend vir die deurnag toernooie wat hulle met groot sukses aangebied het.

Voortspruitend uit hierdie positiwiteit wat in die klub opgebou is, is 'n baie suksesvolle interdorp byeenkoms die afgelope Saterdag hier by Heibron Rolbaklub gehou met 15 spelers van Petrus Steyn wat hier kom speel het.

Hierdie was nie 'n kompetisie in die ware sin van die woord nie, aangesien spanne saamgestel was met spelers van die twee klubs. Hierdie was 'n lekker dag van rolbal speel, saamkuier en vriendskappe sluit.

Aan die einde van die dag moet daar tog 'n wenner aangewys word en hier het Mike Botha, ou bekende by Heibron Rolbalklub, die septer geswaai met ondersteuning van Babs Knoesen en Martin Hughes.

Amelia Galatis en Henrico van Rensburg word ondersteun deur SJ Jacobs, 14 jarige jongman wat weet hoe om rolbal te speel. Alhoewel hulle slegs die vierde plek behaal, was dit 'n plesier om hierdie jongman se spel dop te hou.

Hierdie was ook die span waarin die oudste speler, as skipper, en die jongste speler as lei, saamgespeel het.

Ek het belowe dat ek nie Amelia se ouderdom sal verklap nie, wat ek wel kan noem is dat hierdie 14 jarige jongman 70 jaar jonger as Amelia is.

Ten spyte van die Springbokke se verloor teen die All Blacks en 'n ysige winterwindjie wat soms gewaai het, was dit steeds vir die rolbalspelers 'n dag vol lekkerte met nuwe vriendskappe wat gesluit is.

Volgende naweek is dit die gholfklub se groot lekkerte met die aanbied van die Boere Treat en die robalklub is deel van hierdie hoogtepunt. Vir enige navrae of inskrywings by die rolbal, kontak vir Edward Muller 084 422 1122. Hier gaan lekker gerol word.

# Kransfontein Resiesduif Klub



Op Saterdag 2023-07-15 het lede van Kransfontein Resiesduif klub vanaf Colesberg 'n Jaaroud en Ope Wedvlug gevlieg dit was bewolk en die duiwe is gesamentlik gelos om 09:36 en het oor 'n afstand van 458 kilometer gevlieg terug na Reitz.

**Die Jaaroud wenduif is om 14:29 geklok.**
1. Heine Resiesduif Ho, 2. Du Plessis Hokke, 3. Heine Resiesduif Ho, 4. Du Plessis Hokke 5. Wolmarans Hokke, 6. Spartan Pigeon, 7. Heine Resiesduif Ho, 8. Du Plessis Hokke 9. Du Plessis Hokke, 10. Du Plessis Hokke

**Die wenduif op die Ope wedvlug is om 14:30 geklok.**
1. Wolmarans Hokke, 2. Du Plessis Hokke, 3. Liefde Hokke B, 4. Wolmarans Hokke,
5. Heine Resiesduif Ho, 6. Spartan Pigeon, 7. Heine Resiesduif Ho, 8. Spartan Pigeon
9. Spartan Pigeon, 10. Heine Resiesduif Ho.

Eerskomende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Colesberg af.



# Heilbron Duiweklub Nuus

Die jaaroud en ope wedvlugte was verlede naweek vanaf Colesberg oor 470km. Dit was koud en dié wind was skuins van voor. Die duiwe het die afstand in 5 uur en 20 minute afgelê, teen 'n spoed van 78 k.p.u.

Zennith A het die Jaaroud wedvlug gewen en Damie Stemmett die ope wedvlug.

<u>**COLESBERG JAAROUD**</u>
1. Zenith A, 2. Zenith A, 3. Zenith A, 4. F Viviers, 5.IJ Lofts, 6. Zenith A, 7. Stemmett Hokke, 8. F Viviers, 9. Zenith A, 10. IJ Lofts.

<u>**COLESBERG OPE**</u>
1. Stemmett Hokke, 2. Zenith A, 3. F Viviers, 4. D Cilliers, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. D Cilliers, 8. Zenith A, 9. D Cilliers, 10. Zenith A.

BKB

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 24 JULIE 2023**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 25 JULIE 2023**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

MORGENZON: MILESTONE BEEFMASTERS
Produksieveiling
11:00, plaas Uitkyk, Mpumalanga
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

DERBY: VAN SCHALKWYK BOERDERY
1721 Vleismerino/Vleismerino x Dormers
11:00, plaas Leeuwfontein

**WOENSDAG - 26 JULIE 2023**
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

VREDE: DEALE BOVELDERS
100 Bulle
11:00, plaas Madeira
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**DONDERDAG - 27 JULIE 2023**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

BRANDFORT: NELLO DOHNE MERINO
STOET Produksieveiling
11:00, plaas Ofra
Kontak Henton Minnaar 082 772 2059

**VRYDAG - 28 JULIE 2023**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BETHLEHEM: JANMARCK BEEFMASTERS
Produksieveiling
11:00, Stirling
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**SATERDAG - 29 JULIE 2023**
HEIDELBERG: BANABATAU (CAREL KRIEK)
Uitverkoping van Meatmaster kudde
11:00, plaas Modderfontein
Kontak SC de Jager 072 219 4866

**www.bkb.co.za**
**BKB Limited 1998/012435/06**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071**
**e-pos: frankfort@bkb.co.za**